DR. W. J. KOOIMAN: *Luther, zijn Weg en Werk.* Amsterdam, W. ten Have, 1954.

Dr. W. J. Kooiman, professor in die Kerkgeskiedenis aan die stedelike Universiteit van Amsterdam, is een van die beste Luther-kenners in Nederland. 'n Jaar lang, van Oktober 1953 tot Oktober 1954 het hy elke Sondagaand vir die Nederlands Christelike Radio Vereniging 'n lesing oor Maarten Luther gehou. Dit is met die grootste aandag gevolg. Hierdie radio-lesings — vyftig in getal — het daarna in boekvorm verskyn. Elke lesing is kort, omtrent vier gedrukte bladsye, duidelik en pakkend. Dit is nie swaar kos nie, maar lees maklik. Ons kan dit werklik nie sterk genoeg by onse predikante, kerkraadslede en onderwysers aanbeveel nie, ook by die gewone gemeentelede. In ons dae waarin Rome ook in ons Protestante Suid-Afrika so die kop opsteek, is dit goed en nuttig ook met hierdie voordragte van dr. Kooiman kennis te maak.

S. P. ENGELBRECHT.